higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N320**(E)**(N13)H

NATIONAL CERTIFICATE

DAYCARE COMMUNICATION N5

(5140225)

13 November 2018 (X-Paper)
09:00–12:00

OPEN-BOOK EXAMINATION

THREE reference books and ONE dictionary are allowed.

No colouring pencils or pencils are allowed. Use BLACK pens only.

This question paper consists of 7 pages and 1 addendum.

Copyright reserved

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL CERTIFICATE
DAYCARE COMMUNICATION N5
TIME: 3 HOURS
MARKS: 200

INSTRUCTIONS AND INFORMATION

1. Answer ALL the questions.
2. Read ALL the questions carefully.
3. Number the answers according to the numbering system used in this question paper.
4. Start each SECTION on a NEW page.
5. Write neatly and legibly.

GS

Copyright reserved

SECTION A (CONCEPTS OF COMMUNICATION)

QUESTION 1

1.1 Indicate whether the following statements are TRUE or FALSE. Choose the answer and write only 'True' or 'False' next to the question number (1.1.1–1.1.5) in the ANSWER BOOK.

1.1.1 Communication between two people is called intrapersonal communication.

1.1.2 The communication process is a two-way process whereby the receiver sends a message to the sender.

1.1.3 An example of mass communication is when you talk to yourself.

1.1.4 In verbal communication you are using sign language.

1.1.5 Newspapers are used in non-verbal communication.

(5 × 2) (10)

1.2 Discuss the rules for effective communication in daycare centres. (10)
[20]

TOTAL SECTION A: 20

Copyright reserved

SECTION B (LANGUAGE SKILLS)

QUESTION 2

2.1 Name and explain the function of the following punctuation marks as they appear in the article, Good housekeeping, on the attached ADDENDUM.

Good housekeeping:

2.1.1 Be a control freak!
2.1.2 Too much month left at the end of money?

2.1.3 Start a rainy-day fund now

2.1.4 lay a busy life, a spending free

2.1.5 sympathise- but

2.1.6 if you're doing this

2.1.7 'secure home Wi-Fi'

2.1.8 compare the competitors' prices

2.1.9 better deal

2.1.10 (use the credit card)

(10 × 2) (20)

2.2 Give a suitable antonym for each of the following words:

2.2.1 Freak

2.2.2 Save

2.2.3 Limit

2.2.4 Start

2.2.5 Now

2.2.6 Good

2.2.7 Forget

2.2.8 Automatic

2.2.9 Respect

2.2.10 Outgoing

(10 × 1) (10)

Copyright reserved

2.3 Neologism is the name for a relatively new term, word or phrase. It is the creation of new or invented words.

Refer to the article, Good housekeeping, on the attached ADDENDUM and write 10 new words or terminology. (10 × 2) (20)
[50]

TOTAL SECTION B: 50

SECTION C (CORRESPONDENCE AND WRITTEN WORK)

QUESTION 3

3.1 You want to open a rainy-day fund account for your business. Write an enquiry letter to Zeni bank on how to open such an account. Ask three relevant questions about this account. (20)

3.2 The bank manager of Zeni bank sends you an adjustment letter on how to open such an account and also supply answers to you on all your questions. (20)

3.3 Explain the AIDA principle as we apply it when we design a display advertisement. (5)
[45]

TOTAL SECTION C: 45

Copyright reserved

SECTION D (TEXTUAL STUDIES)

QUESTION 4

Read the poem below and make sure you understand the content and answer the questions.

Pathway of dreams

It is not always easy to know
Which path to follow
Which way to go.

Life's full of richer horizons,
New Hope, new days
Changes, new ways.

Living Wisdom is held in your hand.
Your dreams will come true
If your best you will do.

Life is so precious, unique, so new,
Invest in the time
For your dreams to come true

4.1 According to the unknown poet, what is not easy to know? (2)

4.2 List the words that are repeated in the poem. (4)

4.3 Give examples of the following figures of speech as they appear in the poem:

4.3.1 Alliteration

4.3.2 Assonance

(2 × 2) (4)

4.4 Explain the meaning of the poem in one paragraph in your own words. (10)

4.5 Write a paragraph on: Your dreams for the future of South Africa. (20)
[40]

TOTAL SECTION D: 40

Copyright reserved

SECTION E (CREATIVE WRITING)

QUESTION 5

Refer to the article, Good housekeeping, on the attached ADDENDUM and answer the questions.

5.1 When you use your credit card you must make sure that you earn something.

What must you earn every time? (1)

5.2 How can you avoid paying interest on your debit card? (2)

5.3 Why, according to this article, do they recommend that you stick with paper copies of bank statements? (2)

5.4 What advice does Skinner give us about safety and your bank app.

Quote from the article. (2)

5.5 Explain the advantages of using PayPal. (3)

5.6 Explain the following statement in your own words: 'A techie version of a spending dairy.' (4)

5.7 Why do you need to set up a monthly spending limit? (1)
[15]

TOTAL SECTION E: 15

SECTION F (STUDY SKILLS)

QUESTION 6

Draw a mind map to illustrate this article as a summary. Your main keyword is:

Financial safety. **[30]**

TOTAL SECTION F: 30
GRAND TOTAL: 200

Copyright reserved

ADDENDUM

GOOD HOUSEKEEPING

BE A CONTROL FREAK

Too much month left at the end of the money? A budget app on your phone is a smart move. A techie version of a spending diary, it lets you enter the item and the cost every time you spend and save by category. If you've put in your monthly spending limit, even better. Try Account Tracker or Money Smart.

START A RAINY-DAY FUND NOW

If good intentions to put money away every month get waylaid by a busy life, a spending splurge or just forgetfulness, we sympathise-but there is a way. Set up an automatic transfer from your current account at the start of each month. Here's the crucial bit, treat it with the same respect as other fixed regular outgoing amounts.

YOUR NEW BEST PAL

Save the hassle of entering your card details and address every time you buy online buy setting up a PayPal account. Once registered, you'll be able to whizz through online checkouts in seconds: All you need is your e-mail and a password. Equally important, you'll never again have to disclose your card information online.

GET A BANK APP

Most banks now have their own apps that let you check your balance on your phone. You'll need to register for online banking first, then download the app for the bank and register your details. You'll be ask to create a password or PIN, then verify your identity with the bank in the branch or via one of their cash machines. Then it's all systems go.
Worried about safety? Skinner says:' Never access your banking app using unsecured public Wi-Fi, and always quit the app when you're done. Also, set up your phone so it only unlocks with a password or PIN.

ABANDON YOUR POST

Companies love customers who go paperless and pay online, but we recommend that you stick with paper copies of bank statements. It's easier to spot errors and keep an eye on spending when it's on paper. Paper bills also come in handy on those occasions when you need proof of address.

SPEND AND EARN

If you use credit card, make sure it's one that earns you rewards every time you spend. (Use you card for all your purchases and max up your rewards). Whatever your credit-card usage, set up a direct debit to repay it in full each month so you never pay interest.

GOODHOUSEKEEPING.CO.ZA SEPTEMBER 2015

Copyright reserved

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N320**(A)**(N13)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N5

(5140225)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

DRIE naslaanboeke en EEN woordeboek word toegelaat.

Geen kleurpotlode of potlode word toegelaat nie. Gebruik slegs SWART penne.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

GS

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (KOMMUNIKASIEKONSEPTE)

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kommunikasie tussen twee mense staan as intrapersoonlike kommunikasie bekend.

1.1.2 Die kommunikasieproses is 'n tweerigtingproses waarvolgens die ontvanger 'n boodskap aan die sender stuur.

1.1.3 'n Voorbeeld van massakommunikasie is wanneer jy met jouself praat.

1.1.4 In verbale kommunikasie gebruik jy gebaretaal.

1.1.5 Koerante word in nieverbale kommunikasie gebruik.

(5 × 2) (10)

1.2 Bespreek die reëls vir doeltreffende kommunikasie in dagsorgsentrums. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B (TAALVAARDIGHEDE)

VRAAG 2

2.1 Noem en verduidelik die funksie van die volgende leestekens soos dit in die artikel 'Goeie huishouding' op die aangehegde BYLAE verskyn.

Goeie huishouding:

2.1.1 Wees 'n beheermonster!

2.1.2 Te veel maand oor aan die einde van die geld?

2.1.3 Begin gou-gou met 'n noodfonds.

2.1.4 in die wiele gery deur 'n besige lewe, 'n verkwistende lewenstyl

2.1.5 ons simpatiseer – maar

2.1.6 Jy's ook hieraan skuldig

2.1.7 'kry Wi-Fi vir die huis'

2.1.8 vergelyk álle mededingers se pryse

2.1.9 'n beter kopie.

2.1.10 (gebruik die kredietkaart)

(10 × 2) (20)

2.2 Gee 'n geskikte antoniem vir elk van die volgende woorde:

2.2.1 Monster

2.2.2 Spaar

2.2.3 Beperk

2.2.4 Begin

2.2.5 Nou

2.2.6 Goed

2.2.7 Vergeet

2.2.8 Outomaties

2.2.9 Respek

2.2.10 Uitgaande

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 Neologisme is die naam vir 'n betreklik nuwe term, woord of frase. Dit is die skepping van nuwe woorde.

Verwys na die artikel Goeie huishouding in die aangehegde BYLAE en skryf 10 nuwe woorde of terminologie neer. (10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C (KORRESPONDENSIE EN SKRIFTELIKE WERK)

VRAAG 3

3.1 Jy wil 'n noodfondsrekening vir jou onderneming oopmaak. Skryf ’n brief aan Zeni Bank waarin jy navraag doen oor hoe om so ’n rekening oop te maak. Vra drie toepaslike vrae oor hierdie rekening. (20)

3.2 Die bankbestuurder van Zeni Bank stuur vir jou ’n brief oor hoe om so ’n rekening oop te maak, en verstrek ook antwoorde op al jou vrae. (20)

3.3 Verduidelik die ABBA-beginsel (*AIDA principle*) soos ons dit toepas wanneer ons 'n uitstal-advertensie ontwerp. (5)
[45]

TOTAAL AFDELING C: 45

AFDELING D (TEKSSTUDIE)

VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig en maak seker jy verstaan die inhoud en beantwoord die vrae.

Droom en Dink en Lag

En as jy droom, droom dan van my;
want as ek droom, is jy naby,
en hou ek jou in my arms teer,
en skenk jou my liefde weer
en weer, want dit is wat ek lus.
Dat in jou arms vind ek rus.

En as jy dink, dink aan my,
want in jou denke wil ek bly.
en as jy lugkastele bou
sal ek jou elke wens onthou,
en poog om daardie ideaal
met al my kragte te behaal

En as jy lag, lag dan met my,
want al jou laggies klink so vry,
so vol plesier en lewenslus,
so ongekunsteld, onbewus,
asof jy sweef op wolke hoog,
jou troon die kleurryke boog.

Joffie Janse van Rensburg 21 Augustus 1948

4.1 Wie is die digter en in watter jaar is die gedig geskryf? (3)

4.2 Gee die SEWE woorde wat in die gedig herhaal word. (7)

4.3 Gee VYF voorbeelde uit die gedig van:

4.3.1 Alliterasie (5)

4.3.2 Assonansie (5)

4.4 Verduidelik die betekenis van die volgende woorde soos hulle in die gedig voorkom:

4.4.1 kleurvolle

4.4.2 ongekunstelde

4.4.3 lugkastele

4.4.4 denke

4.4.5 vry

(5 × 2) (10)

4.5 Skryf 'n paragraaf oor: Jou drome vir die toekoms van Suid-Afrika. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E (KREATIEWE SKRYFWERK)

VRAAG 5

Verwys na die artikel Goeie huishouding in die aangehegde BYLAE en beantwoord die vrae.

5.1 Wanneer jy jou kredietkaart gebruik, moet jy seker maak dat jy iets verdien.

Wat moet jy elke keer verdien? (1)

5.2 Hoe kan jy voorkom dat jy rente op jou debietkaart betaal? (2)

5.3 Waarom, volgens hierdie artikel, beveel hulle aan dat jy by papierafskrifte van bankstate hou? (2)

5.4 Watter raad gee Skinner vir ons oor veiligheid en jou banktoepassing?

Haal uit die artikel aan. (2)

5.5 Verduidelik die voordele van die gebruik van PayPal. (3)

5.6 Verduidelik die volgende stelling in jou eie woorde: "n Rekenaarfoendie se weergawe van 'n uitgawedagboek.' (4)

5.7 Waarom moet jy 'n maandelikse uitgawelimiet stel? (1)
[15]

TOTAAL AFDELING E: 15

AFDELING F (STUDIEVAARDIGHEDE)

VRAAG 6

Teken 'n geheuekaart om hierdie artikel as 'n opsomming te illustreer. Jou belangrikste sleutelwoord is:

[30]

Finansiële veiligheid.

TOTAAL AFDELING F: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

GOEIE HUISHOUDING

WEES 'N BEHEERVRAAT!

Te veel maand oor aan die einde van die geld? 'n Begrotingstoepassing (*app*) op jou foon is 'n slim plan. Dit is 'n rekenaarfoendie se weergawe van 'n uitgawedagboek, wat jou in staat stel om die item en koste in te sleutel elke keer wat jy per kategorie bestee en spaar. As jy jou maandelikse uitgawelimiet aangeteken het, is dit selfs beter. Probeer Account Tracker of MoneySmart.

BEGIN GOU-GOU MET 'N NOODFONDS

As goeie voornemens om maandeliks geld weg te sit deur 'n besige lewe, verkwisting of bloot vergeetagtigheid in die wiele gery word, simpatiseer ons – maar daar is 'n oplossing. Reël 'n outomatiese oorplasing uit jou lopende rekening aan die begin van elke maand. Dit is noodsaaklik dat jy dit met dieselfde respek hanteer as ander vaste, gereelde bedrae wat maandeliks afgetrek word.

JOU NUWE BESTE VRIEND

Vermy die moeite om elke keer wat jy aanlyn koop jou kaartbesonderhede en adres in te sleutel deur 'n PayPal-rekening oop te maak. Sodra jy geregistreer het, sal jy in staat wees om binne sekondes deur aanlyn betaalpunte te beweeg. Net so belangrik is dat jy nooit weer jou kaartbesonderhede aanlyn bekend hoef te maak nie.

KRY 'N BANKTOEPASSING

Die meeste banke het nou hul eie toepassings wat jou in staat stel om jou saldo op jou selfoon te kontroleer. Jy sal eers vir aanlyn banksake moet registreer, daarna die toepassing vir die bank moet aflaai en jou besonderhede registreer. Jy sal versoek word om 'n wagwoord of PIN te skep, en daarna jou identiteit in die betrokke tak of deur middel van een van hul kontantmasjiene te bekragtig. Daarna kan jy laat waai!
Is jy bekommerd oor veiligheid? Skinner sê: 'Moet nooit toegang tot jou banktoepassing kry deur onbeveiligde openbare Wi-Fi te gebruik nie, en teken altyd af wanneer jy klaar is.' Stel ook jou foon so op dat dit slegs deur middel van 'n wagwoord of PIN oopsluit.

VERLAAT JOU POS

Maatskappye is gaande oor kliënte wat papierloos/dokumentloos te werk gaan en aanlyn betaal, maar ons beveel aan dat jy by die papierafskrifte van bankstate hou. Dit is makliker om foute raak te sien en 'n ogie oor besteding te hou wanneer dit op papier is. Papierrekeninge is ook nuttig by daardie geleenthede wat jy bewys van woonadres nodig het.

BESTEE EN VERDIEN

As jy 'n kredietkaart gebruik, maak seker dat dit een is wat vir jou belonings verdien elke keer wat jy geld bestee. (Gebruik jou kaart vir al jou aankope en maksimeer jou belonings.) Wat jou kredietkaartgebruik ook al is, organiseer 'n regstreekse debiet om die uitstaande bedrag elke maand volledig te betaal, sodat jy nooit rente hoef te betaal nie.

GOEIEHUISHOUDING.CO.ZA SEPTEMBER 2015

Kopiereg voorbehou